[12]

TELEFOON

# DIE RAPPORTRYERSKORPS

VAN MELMOTH (RETIEFKORPS)

GEAFFILIEER BY
DIE FEDERASIE VAN
RAPPORTRYERSKORPSE

ADRES Posbus 220
Melmoth 3835

DATUM 24 April 1992

Die Sekretariaat: Kodesa
Posbus 307
Isando
1600

**Die gebruik van Afrikaans by Kodesa**

Tydens die laaste vergadering van die Retief Rapportryerskorps het die lede van die korps aan die bestuur opdrag gegee om 'n skrywe aan die sekretariaat te rig om hul kommer uit te spreek oor die feit dat Afrikaans, as een van die amptelike landstale by die onderhandelingstafel verwaarloos word.

Hiermee rig ek, namens die lede van Retief Rapportryerskorps, 'n dringende versoek dat Afrikaans, as een van Suid-Afrika se amptelike landstale, sy regmatige plek by die verrigtinge van Kodesa moet inneem.

Ons spreek die vertroue uit dat u spoedig op hierdie versoek sal reageer en dat u ontvangs van hierdie skrywe sal bevestig.

Die uwe

JC Mulder.

J C Mulder
(Voorsitter)